

Geen Veroordeling



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Romeine 8:1–17

Geheeteks:

“Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees” (*Rom. 8:1*).

Romeine 8 is Paulus se antwoord op Romeine 7. In Romeine 7 praat Paulus van frustrasie, mislukking en veroordeling. In Romeine 8 is die veroordeling iets van die verlede, en word dit met vryheid en oorwinning in Jesus Christus vervang. Paulus het in Romeine 7 gesê dat indien jy weier om Christus Jesus te aanvaar, jy die ellendige ondervinding wat in Romeine 7 beskryf word, sal erf. Jy sal ‘n slaaf van sonde wees, en nie kan doen wat jy kies om te doen nie. In Romeine 8 sê hy dat Christus Jesus aan jou verlossing van sonde bied, en jou vrymaak om die goed wat jy graag wil doen, wat jou sondige vlees jou nie wil toelaat om te doen nie, te doen. Paulus verduidelik voorts dat hierdie vryheid se prys onberekenbaar is. Christus, die Seun van God, het mens geword. Dit was die enigste manier hoe Hy hom met ons kon vereenselwig, ons volmaakte voorbeeld en ons Plaasvervanger kon wees wat in ons plek gesterf het. Hy het “in die gelykheid van die sondige vlees” (*Rom. 8:3*) gekom sodat die reg van die Wet in ons vervul kan word (*Rom. 8:4*). Met ander woorde, Christus het oorwinning oor sonde – om ook die positiewe vereistes van die wet te vervul – moontlik gemaak vir hulle wat glo, nie om daardeur verlos te word nie, maar as gevolg daarvan. Gehoorsaamheid aan die Wet was nog nooit, en kan nooit, die middel wees waardeur verlossing plaasvind nie. Dit was Paulus en ook Luther se boodskap, en dit moet ook ons boodskap wees.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 2 Desember.*

In Christus Jesus

“Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees” (Rom. 8:1). Wat beteken “geen veroordeling”? Geen veroordeling van wat? En hoekom is dit sulke goeie nuus?

“In Christus Jesus” word baie in Paulus se geskrifte gebruik. Vir ‘n persoon om “in” Christus Jesus te wees, beteken dat hy of sy Christus as hom of haar Verlosser aanvaar het. Die persoon vertrou Hom volkome en het besluit om soos Christus te lewe. Die gevolg is ‘n naby, persoonlike eenwording met Christus. “In Christus Jesus” word met “na die vlees” gekontrasteer. Dit word ook met die ondervinding wat in Hoofstuk 7 beskryf word, gekontrasteer, waar Paulus die veroordeelde persoon, voordat hulle aan Christus oorgee, as wêrelds beskryf, bedoelende dat hy of sy ‘n slaaf van die sonde is. Die persoon is onder veroordeling om te sterf (*Rom. 7:11, 13, 24*). Hy of sy is ‘n slaaf van die “wet van die sonde” (*Rom. 7:23, 25*). Hierdie persoon is in ‘n ellendige toestand (*Rom. 7:24*). Maar dan gee die persoon oor aan Jesus, en ‘n onmiddellike verandering vind plaas in sy of haar se verhouding met God. Die persoon wat voorheen veroordeel was as ‘n wetsoortreder, staan nou volmaak voor God asof hy of sy nooit gesondig het nie, want die regverdigheid van Jesus Christus dek daardie persoon ten volle. Daar is geen meer veroordeling nie, nie omdat die persoon foutloos, sonder sonde of werd is om die ewige lewe te beërf nie (hy of sy kan nooit wees nie!), maar omdat Jesus se volmaaktheid daardie persoon dek; daarom is daar geen veroordeling nie. Maar die goeie nuus hou nie daar op nie.

Wat maak die persoon vry van die slawerny van sonde? *Rom. 8:2*

“Die wet van die Gees van die lewe” verwys hier na Christus se plan om die mensdom te red, en vorm ‘n kontras met “die wet van die sonde en die dood” wat in Hoofstuk 7 beskryf word as die wet waardeur sonde heers – waarvan die einde die dood is. In plaas daarvan, bring Christus se wet lewe en vryheid.

“Elke siel wat weier om hom aan God te onderwerp, is onder die beheer van ‘n ander mag. Hy is nie sy eie baas nie. Hy praat van vryheid, maar is ‘n willose slaaf. . . . Hoewel hy homself wysmaak dat hy sy eie oordeel volg, gehoorsaam hy die wil van die vors van die duisternis. Christus het gekom om die kettings van sondeverslawing te verbreek . . .” — Ellen G. White, *Die Koning van die Eeue*, bl. 466. Is jy ‘n slaaf, of is jy vry in Christus? Hoe kan jy daarvan seker wees?

Wat die Wet nie kon doen nie

Hoe goed die “wet” (die seremoniële wet, die sedewet, of beide) ook al is, dit kan nie vir ons voorsien wat ons die nodigste het nie, dit wat ons nodig het om verlos te word, dit wat ons sal verlos van die veroordeling en die dood wat deur sonde veroorsaak word. Daarvoor het ons Jesus nodig.

Lees Romeine 8:3, 4. Wat het Christus gedoen wat die wet van nature nie kan doen nie?

God het die middel tot redding voorsien “deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur”, en sodoende “die sonde veroordeel in die vlees”. Die vleeswording van Christus was ‘n belangrike stap in die plan van verlossing. Dit is paslik om die kruis te verhoog, maar met die uitwerk van die plan van verlossing was Christus se lewe “in die gelykheid van die sondige vlees” ook uiters belangrik. As gevolg van wat God gedoen het deur Christus te stuur, is dit nou vir ons moontlik om die geregtigheidsvereistes van die wet na te kom; m.a.w., om die regte dinge wat die wet vereis, te doen. “Onder die wet” (*Rom. 6:14*) was dit onmoontlik; “in Christus” is dit nou moontlik.

Ons moet immers onthou dat deur te doen wat die wet vereis, nie beteken dat deur die wet goed genoeg te gehoorsaam, verlossing verdien word nie. Dit is nie ‘n opsie nie – dit was nog nooit nie. Dit beteken eenvoudig om die lewe te leef wat God ons in staat stel om te leef; dit beteken ‘n lewe van gehoorsaamheid, ‘n lewe waarin ons “die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig” het (*Gal. 5:24*), ‘n lewe wat die karakter van Christus weerspieel. “Wandel” in Romeine 8:4 is ‘n idiomatiese uitdrukking wat aandui hoe “jy jouself gedra”. Die woord vlees hier verwys na die onwedergebore persoon, óf voor óf na oortuiging. Om na die vlees te wandel, is om deur selfsugtige begeertes beheer te word. Die teenoorgestelde, om na die Gees te wandel, is om die geregtigheidsvereiste van die Wet na te kom. Ons kan net deur die hulp van die Heilige Gees hierdie vereiste nakom. Daar is net in Christus Jesus vryheid om te doen wat die wet vereis. Sonder Christus is daar geensins vryheid nie. Die een wat aan sonde verslaaf is, vind dit onmoontlik om die goeie te doen wat hy of sy kies om te doen (*sien Romeine 7:15, 18*).

Hoe goed hou jy die wet? Is jy besig om die “geregtigheid van die wet” te vervul sonder om enigsins te probeer om verlossing te verdien deur die wet te onderhou? Indien nie, hoekom nie? Watter tipe floue verskonings gebruik jy om jou optrede te regverdig?

Die vlees of die Gees

“Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede” (Rom. 8:5, 6). Dink na oor hierdie teksverse. Watter basiese boodskap skemer hier deur? Wat sê hulle aan jou oor hoe jy jou lewe leef?

“Na” word hier in die plek van “volgens” gebruik (Grieks *kata*). “Bedink” beteken hier om jou gedagtes te fokus. Een groep mense fokus hulle gedagtes daarop om natuurlike begeertes te bevredig; die ander groep fokus hulle gedagtes op die dinge van die Gees, om Sy voorskrifte na te volg. Omdat die denke die optrede bepaal, leef die twee groepe verskillend en tree hulle nie dieselfde op nie.

Wat kan die vleeslike denke nie doen nie? Rom. 8:7, 8

Deur jou gedagtes daarop te rig om die begeertes van die vlees te bevredig, is in werklikheid om in vyandskap met God te leef. So ‘n persoon is nie daarop gerig om die wil van God te doen nie. Hy of sy kan selfs teen Hom rebelleer en Sy wet openlik hoon. Paulus wil veral beklemtoon dat as jy nie in Christus is nie, dit onmoontlik is om die wet van God te hou. Weer en weer herhaal Paulus hierdie tema: maak nie saak hoe hard jy probeer nie, sonder Christus kan jy nie die wet gehoorsaam nie.

Paulus se spesiale doel was om die Jode te oortuig dat hulle meer as hulle “Tora” (wet) nodig gehad het. Deur hulle optrede het hulle getoon dat, ten spyte daarvan dat hulle die Goddelike openbaring gehad het, hulle skuldig was aan dieselfde sondes waaraan die heidene skuldig was (Rom. 2). Die les wat hier geleer moes word, was dat hulle die Messias nodig gehad het. Sonder Hom sou hulle slawe van die sonde wees en nie in staat wees om die heerskappy van sonde te ontvlug nie. Hierdie was Paulus se antwoord aan daardie Jode wat nie kon verstaan hoekom dit wat God aan hulle in die Ou Testament gegee het, nie langer genoeg vir verlossing was nie. Paulus het erken dat wat hulle in die verlede gedoen het, goed was, maar dat dit vir hulle ook nodig was om die Messias wat toe gekom het, te aanvaar.

Dink terug oor hoe jy die laaste 24 uur deurgebring het. Het jy dade van die Gees of die vlees weerspieël? Wat vertel jou antwoord jou oor jouself? Indien jou optrede vleeslik was, watter veranderinge moet jy maak, en hoe kan jy dit maak?

Christus in jou

Paulus bou voort op sy tema deur die twee moontlikhede van hoe die mens lewe, te kontrasteer: of volgens die Gees – d.w.s., deur die Heilige Gees van God wat aan ons belowe word – of volgens hulle sondige en vleeslike natuur. Die een lei na die ewige lewe, die ander na die ewige dood. Daar is geen middeweg nie. Of soos Jesus self gesê het: “Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi” (*Matt. 12:30*). Dis moeilik om dit meer eenvoudig te stel, of meer swart op wit.

Lees Romeine 8:9–14. Wat word aan hulle wat hulself ten volle aan Christus oorgee, belowe?

Die lewe “in die vlees” word met “lewe in die Gees” gekontrasteer. Die lewe “in die Gees” word deur die Gees van God beheer. Hy word in hierdie hoofstuk die Gees van Christus genoem, waarskynlik omdat Hy Christus verteenwoordig, en deur Hom woon Christus in die gelowige (*Rom. 8:9, 10*). In hierdie verse verwys Paulus terug na ‘n beeld wat hy in Romeine 6:1-11 gebruik het. Figuurlik gesproke word die “liggaam van die sonde” – d.w.s., die liggaam wat sonde gedien het – met die doop begrawe. Die “oue mens [word] saam [met Hom] gekruisig” (*Rom. 6:6*). Maar, soos met die doop, is daar nie net ‘n begrafnis nie, maar ook ‘n opstanding, sodat die persoon wat gedoop word, opstaan om ‘n nuwe lewe te lei. Dit beteken om die eie-ek af te sterf, ‘n keuse wat onself daaglik en oomblik na oomblik, moet maak. God vernietig nie die mens se vryheid nie. Selfs nadat die ou mens van sonde vernietig is, is dit nog moontlik om te sondig. Paulus het aan die Kolossense geskryf, “Maak dood dan julle lede wat op die aarde is” (*Kol. 3:5*). Dus, daar sal nog ‘n stryd teen sonde na die wedergeboorte wees. Die verskil is dat die persoon in wie die Gees woon, nou Goddelike krag het om hom of haar te help om te oorwin. Boonop, omdat die persoon so wonderbaarlik vrygemaak was van die heerser oor sonde, sal hy of sy nooit weer verplig word om sonde te dien nie.

Dink na oor die gedagte dat die Gees van God wat Jesus uit die dood opgewek het, ook in ons woon as ons Hom toelaat. Dink na oor die krag wat tot ons beskikking is! Wat weerhou ons daarvan om daarby te baat soos wat ons behoort te doen?

Die Gees van aanneming

Hoe beskryf Paulus die nuwe verhouding in Christus? Rom. 8:15. Watter hoop is daar in hierdie belofte vir ons? Hoe maak ons dit ‘n werklikheid in ons lewens?

Die nuwe verhouding word beskryf as om vry van vrees te wees. ‘n Slaaf is gebind. Hy lewe in konstante vrees vir sy heer. Hy het geen vooruitsigte om enigiets vir sy lang jare van diens te ontvang nie. Dis nie die geval vir die persoon wat Jesus Christus aanvaar het nie. Eerstens dien hy vrywillig. Tweedens dien hy sonder vrees, want “volmaakte liefde dryf die vrees buite” (1 Joh. 4:18). Derdens, as aangenome kind, word hy of sy ‘n erfgenaam van ‘n erfenis wat eindelose waarde het. “Die gees van slawerny veroorsaak dat daar volgens ‘n wettiese godsdiens geleef word deurdat daar gestreef word om die vereistes van die wet in eie krag na te kom. Daar is net hoop vir ons as ons deel word van die verbond wat met Abraham gesluit was, naamlik die verbond van genade deur geloof in Christus Jesus.” — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 107, (vrye vertaling).

Wat gee aan ons die versekering dat God ons werklik as Sy kinders aanvaar het? Rom. 8:16

Ons aanvaarding word deur die innerlike Getuie bevestig. Terwyl dit nie veilig is om volgens gevoel te gaan nie, sal diegene wat die lig van die Woord na die beste van hulle begrip gevolg het, ‘n innerlike stem hoor wat hulle sal verseker dat hulle as kinders van God aanvaar is. Romeine 8:17 vertel ons dat ons inderdaad ergename is; d.w.s., ons is deel van God se gesin, en as erfgename omdat ons Sy kinders is, ontvang ons ‘n wonderlike erfporisie van ons Vader. Ons verdien dit nie; dit word aan ons gegee kragtens ons nuwe status by God, ‘n status wat aan ons gegee was deur Sy genade en wat moontlik gemaak was deur Jesus se dood namens ons.

Hoe naby is jy aan die Here? Ken jy Hom werklik, of weet jy maar net van Hom? Watter veranderinge moet jy in jou lewe maak om nader aan jou Skepper en Verlosser te kom? Wat hou jou terug, en hoekom?

Vir verdere studie:

“Die plan van verlossing bied nie aan gelowiges ‘n lewe wat sonder lyding en beproewings hier op aarde is nie. Inteendeel, dit doen ‘n beroep op Christus se volgelinge om dieselfde pad van selfverloëning en smaad as Hy te loop Dit is deur sulke beproewings en vervolginge dat die karakter van Christus in Sy volgelinge voortgebring en geopenbaar word Deur deel te word van die lydingsweg van Christus word ons opgevoed, gedissiplineer en voorberei om in die heerlikhede van die hiernamaals deel te hê.” — *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 568-569, (vrye vertaling). “Die reddingstou wat van die troon van God af neergelaat is, is lank genoeg om tot die diepste dieptes uit te reik. Christus is in staat om die grootste sondaar uit die put van agteruitgang te red en hulle te plaas waar hulle as kinders van God, as erfgename van ‘n onverganklike erfenis saam met Christus, erken sal word.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 7, bl. 229, (vrye vertaling). “Die mees geëerde Persoon in die hemel het na hierdie wêreld gekom om die menslike natuur deelagtig te word en die mens te verteenwoordig, om sodoende voor gevalle engele en voor die bewoners van die ongevalle wêreld te getuig dat, deur Goddelike hulp, elkeen die pad van gehoorsaamheid aan God se bevele, kan loop “Die prys vir ons sondes is deur ons Verlosser betaal. Geeneen hoef deur Satan as slaaf gevange gehou te word nie. Christus, die Almagtige helper, is gereed om ons te help.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, bl. 309, (vrye vertaling).

Vrae vir bespreking:

- 1. Lees weer die Ellen G. White-aanhalings hierbo. Watter hoop kan ons daaruit vir onself neem? Wat meer belangrik is, hoe kan ons hierdie beloftes van oorwinning in ons lewens ‘n werklikheid maak? Hoekom, ten spyte daarvan dat daar soveel hulp in Christus aan ons gebied word, hou ons aan om kort te kom van wat ons werklik kan wees?**
- 2. Watter praktiese daaglikse maniere kan ons gebruik om “geestelike dinge” te bedink?” (Rom. 8:5). Wat beteken dit? Wat begeer die Gees? Wat kyk, lees, of waaroor dink jy wat dit moeilik maak om hierdie standaard in jou lewe te bereik?**
- 3. Dink na oor die gedagte dat ons óf aan die eenkant óf aan die anderkant van die groot stryd is, met geen middelweg nie. Wat is die implikasies van hierdie onbuigsame, naakte waarheid? Hoe behoort die besef van hierdie belangrike waarheid van hoe ons leef en die keuses wat ons maak, te beïnvloed, selfs wat die “klein” dingetjies betref?**

